TYGERBERG ORGIDEË GROEP
LENTESKOU 2006
29 AUGUSTUS – 2 SEPTEMBER
BELLVILLE BURGER SENTRUM
SKOUVEREISTES

1. Inskrywings is gratis en beperk tot 3 per lid per klas.
2. **Dinsdag, 29 Augustus 2006**
   inskrywings 09h00 – 13h00
   beoordeling begin om 14h00
3. Inskrywings is oop vir alle lede van die Tygerberg Orgideë Groep en geaffilieerde Suid-Afrikaanse Orgideëraad lede.
4. Plante moet ´n ingevulde skou-etiket hê met die korrekte naam van die plant.
5. Plante word ingeskryf en vertoon op risiko van die eienaar.
6. Die Skouvoorsitter of sy verteenwooordigers behou die reg voor om enige plant wat tekens van siekte of virusse toon te verwyder.
7. Toekennings word slegs aan verdienstelike plante toegeken. Linte sal, waar moontlik, aan eerste, tweede en derde plekke in alle klasse toegeken word, asook spesiale linte volgens die diskresie van die beoordelaars.
8. Wisseltrofeë kan slegs aan lede van die TOG toegeken word. Kontant pryse en trofeë sal na verdienste toegeken word.
9. Enige inskrywing wat deur die beoordelaars as verdienstelik geag word, mag vir `n SAOR toekenning beoordeel word. Deelnemers sal verantwoordelik wees vir alle koste, behalwe as die inskrywing aantoon dat die plant nie mag beoordeel word nie.
10. Slegs beoordelaars, beamptes en kontroleurs, wat deur die Skouvoorsitter aangewys is, mag teenwoordig wees tydens die beoorderling.
11. Plante/blomme wat in die verkeerde klasse ingeskryf is, mag oorgeplaas word na die korrekte klas volgens die diskresie van die beoordelaars.
12. In alle klasse is die beoordelaars se besluit finaal.
13. Alle uitstallers onderneem om te voldoen aan bogenoemde vereistes, asook die Skouvoorsiter se reëls en regulasies.
14. Vertoonplante – Alle klasse. Sal beoordeel word op aantal blomme en kweking. Beskadigde plant/blomme sal streng gepenaliseer word.

LET WEL

1. Na die skou begin het, mag geen plante uit die skouarea verwyder word voor Saterdag, 2 September om 16h00 nie.
2. Versoeke om plante met verwelkte blomme te verwyder mag gerig word aan die Skouvoorsitter of sy verteenwoordiger.
3. Navrae: skakel Skouvoorsitter, Wessel Strydom tel. 021 557 3134.
4. Voordat eienaars hul plante mag verwyder van die skoulokaal moet die skouregistrateur dit uitteken.
5. **Die skou is oop vir die publiek**
   Donderdag 31 Augustus 09h00-18h00
   Vrydag 1 September 09h00-18h00
   Saterdag 2 September 09h00-16h00